



## LAERSKOOL SIMON VAN DER STEL

WATERLOO GREEN - WYNBERG 7800  
TEL: (021) 762-2234 / 797-0494 - FAKS: (021) 797-1978  
E-POS: admin@svdstel.co.za / finansies@svdstel.co.za /  
personeel@svdstel.co.za / ekasner@svdstel.co.za

22 Februarie 2017

### Omsendbrief 7/2017

Geagte Ouers

Let asseblief op die volgende belangrike sake:

#### A. Beheerliggaam

Tydens 'n beheerliggaamvergadering van 16 Februarie 2017 is mev. Elsie Barnard gekoöpteer as lid van die beheerliggaam as sameroeper van die Fondsinsamelingskomitee in die plek van mev. Janine Hattingh, wat bedank het. Baie dankie aan mev. Hattingh vir waardevolle bydraes en uitstekende diens gelewer aan ons skool en voorspoed aan mev. Barnard met die belangrike taak wat voorlê.

#### B. Toutrek

Nuwe werksomstandighede het ongelukkig tot gevolg dat ons afrigter, mnr. Alan Bronkhorst, nie meer beskikbaar is nie. Baie dankie aan hom vir baie jare se vrywillige diens aan ons skool en ons kinders. Mnr. Calvin Heiberg gaan voortaan die afrigting behartig en word bygestaan deur mnr. en mev. Kobus Nortje. Voorspoed vir die res van die seisoen.



#### C. Atletiek

Baie geluk aan ons atlete wat weer uitstekend gevaar het die afgelope Saterdag by die Distrikskampioenskappe. Voorspoed aan Siya Dube, Damian Bosch, Francois Liebenberg, Helgard Witte en Simonay Jacobs wat eerskomende Saterdag aan die WP Kampioenskappe deelneem.

#### D. Swem

Soos op die kwartaalprogram aangedui, vind ons Interhuis Swemgala eerskomende **Vrydag, 24 Februarie, vanaf 11:00 tot 13:20** plaas. U is almal baie welkom om by ons aan te sluit vir die gala. Daar gaan ook verversings te koop wees. Vind aangeheg die program.

Die kinders moet swart sportbroeke aantrek. Die Geelspan moet swart T-hemde en die Oranjespan wit T-hemde aantrek. Die swemmers moet hul swemklere onder die klere aantrek en mag Vrydag so skool toe kom. Die nie-swemmers mag ook so aantrek of andersins skoolklere dra. Onthou asseblief die sonbrandroom en die handdoeke.

Vriendelike groete



**E.L. KÄSNER**  
**SKOOLHOOF**